SUID-AFRIKAANSE MEDIESE TYDSKRIF

SOUTH AFRICAN MEDICAL JOURNAL

Kaapstad, 2 Maart 1974 | Deel 48 No. 10 Volume 48 | Cape Town, 2 March 1974

*VAN DIE REDAKSIE* | *EDITORIAL*

# Artikels en Referate

Ons het al vantevore oor hierdie onderwerp geskryf, maar met die toenemende gebruik van oudiovisuele hulpmiddels by kongresse het die tyd aangebreek om nog die een en ander by te voeg. Met weinig uitsondering word daar in werklikheid nie meer referate by 'n kongres gelees of selfs voorgedra nie, in die sin dat die referent òf sy manuskrip woord vir woord aan die gehoor voorlees, òf dit van buite leer sodat hy nie na 'n manuskrip hoef te kyk nie. Diegene wat dit steeds probeer doen, ondervind dat hulle sterk afsteek teen die ander sprekers wat met die hulp van skyfies, modelle en dergelike interessanthede hul gehore se aandag behou.

Vroeër jare was dit vir ons altyd 'n onverklaarbare gebruik, hierdie voorlees van 'n referaat. Dikwels het dit gebeur dat die organiseerders van die kongres die teks vooraf aan die gehoor beskikbaar stel, sodat iedereen die spreker se lesery kon volg en sodoende kon kontroleer of hy hom streng by die geskrewe woord bepaal. Dit was min of meer dieselfde onsinnige, skoolagtige tegniek as dié van die lektor wat 'n handboek voorskryf en dan gedurende sy lesings eenvoudig uit die boek voorlees. Ons het dikwels vanuit die agterbanke by sulke kongresse gewens dat die spreker tog maar liewer wil stilbly sodat ons in vrede kon voortlees sonder die irriterende steurnis van sy swak aksent of ongeoefende leesvermoë.

Deesdae is dit uitsonderlik om 'n lesingsaal by 'n kongres met die ligte aan te sien. Een kleurvolle skyfie na die ander verskyn op die silwerdoek, met slegs bypassende verduideliking deur die spreker. In dié verband wil ons net terloops 'n versoek aan die kongresreferente rig: maak tog asseblief seker dat die skyfies in die regte volgorde, regop in die projekteermasjien geplaas, en van redelike kwaliteit is. As die spreker moet sê: 'Hierdie is nie 'n baie goeie voorbeeld nie', is ons onwillekeurige reaksie om uit te roep: 'Maar waarom toon jy dit dan?'

Die donker lesingkamer skep natuurlik die moontlikheid vir die gehoor om na 'n genoeglike middagete vinnig 'n uiltjie te knip, en dit is seker die rede waarom so baie sprekers telkens vra dat die ligte weer aangeskakel word, al weet hulle dat binne 'n minuut of twee dit weer tyd sal wees vir die volgende skyfie. Hierdie aan-en-af skakeling kan egter uiters steurend wees, veral as die saal se ligte nie oorspronklik daarvoor ontwerp is nie.

Hierdie kleurvolle voordrag van referate skep egter 'n probleem wat betref die uiteindelike publikasie van die navorsingsmateriaal. Waar ons voorheen bloot die manuskrip soos dit gedurende die kongres voorgelees is, kon aanvaar vir redigering en publikasie, is dit nou noodsaaklik om daarop aan te dring dat die skrywer die materiaal verwerk in 'n vorm wat vir die *Tydskrif* aanneemlik sal wees. Dit is vanselfsprekend nie doenlik om 30 of meer kleurfoto's saam met 'n artikel te plaas nie—en indien die illustrasies weggelaat word, het die teks natuurlik min sin.

Die meeste kongresorganiseerders vra dat die referente hul manuskripte vooraf beskikbaar moet stel. Sulke materiaal is dikwels wel publiseerbaar nadat dit redaksioneel 'n bietjie reggeskaaf is, maar dan moet mens versigtig wees dat dit redelik ooreenkom met die werklike lesing wat gelewer is. Die redaksie kan nie 'n oudiovisuele referaat in 'n artikel verwerk en dit publiseer met 'n byskrif dat dit ge-

durende 'n spesifieke kongres gelewer is nie, om dan later te ontdek dat wat die spreker by die byeenkoms gesê het, hemelsbreed van die gepubliseerde materiaal verskil. Daarom is dit beter om die referate as afgehandel te beskou en enige publikasie in die *Tydskrif* te beperk tot spesiaal voorbereide manuskripte gebaseer op die werk wat gedurende die kongres gerapporteer is. Sodoende skakel mens die probleem van publikasie van oudiovisueel-opgedisde materiaal uit, en dit vermy tegelykertyd die gevaar dat die uiteindelike artikel in werklikheid niks met die kongresverrigtinge in gemeen het nie.

'n Bylaag tot die *Tydskrif*, of 'n volle uitgawe wat aan een simposium gewy is, is natuurlik 'n ander saak. In sulke gevalle kan ons 'n effe meer toegeeflik wees wat betref die herskrywery, maar nogtans moet 'n mens verseker dat die materiaal wel sonder 'n onmoontlike magdom van illustrasies verstaanbaar sal wees. In dié verband is abstrakte met die volledige teks van die besprekings waarskynlik die beste oplossing.

# The Young Doctor

Thus far 'The Young Doctor' column has not developed to its full potential. We have published interesting and important questions as well as information received from the SA Medical and Dental Council, but there must still be a vast number of questions awaiting answers which have not yet reached the editorial desk. A new column requires time to gain momentum, but that does not mean that one must complacently sit and wait for natural growth. We must remain dynamic and regularly give new thought to the project.

With the tailing-off in the number of communications received for 'The Young Doctor', we must consider the likely reasons. It is theoretically possible that there are simply no further problems that beset our readers in their practices. This is difficult to believe. It could also be that our colleagues do not regard the pages of the *Journal* as a satisfactory venue to air their misgivings and their questions. If that is the case, we should reorganise the column so that it does fulfil the needs of our readers, and in this regard we would welcome any suggestions.

Sadly, we know from experience that the true reason for the slow start is a lack of mental motivation to actually sit down and write a letter. Doctors are notoriously bad correspondents, and they constantly assure everyone that they have more paperwork to attend to than can possibly be imagined. The fact that any practising doctor, specialist or general practitioner, usually has less paperwork than almost any other professional man who carries the same responsibility and who earns more or less the same income, is never happily admitted.

We are again inviting questions and comments from our readers about any problems that may beset their practices. Such questions will be submitted to experts, and we will undertake to have an authoritative answer published as soon after the receipt of the question as is reasonably possible. To judge by the questions raised in the common-rooms at hospitals and over tea-breaks at congresses, not to speak of the abysmal ignorance sometimes displayed about organisational matters that one would have thought should virtually be second nature, there must still be a host of questions to answer, and the *Journal* is the obvious medium.

In this issue we are publishing a further list of questions received and we hope that they will stimulate others to write to us. It is important to note that the title of the column 'The Young Doctor' is really a misnomer, as we will welcome questions from any practitioner, be he specialist, general practitioner, in full-time employ, young or old.